
# 78 Diep uit my hart o Vader




U het my uit genade vannag teen die gevaar,
teen ramp en skrik en skade, getrou, o Heer, bewaar.
Ek prys u grote krag, u mag wat nooit begewe.
O God van al wat lewe, beskerm my ook vandag.

Ek is aan U verbonde, aan U behoort my hart.
Red my van alle sonde, versoeking en van smart.
Werk deur u Gees in my sodat ek in my handel
en hele lewenswandel opreg u Naam bely.

George Niege (1525-1588) 16de eeu/geestelik Leipzig (1585)